



25 Julie 2022

OB: 23 / 2022

Geagte ouers

1. Lief en Leed

- Dit is met groot hartseer dat ons kennis geneem het van die afsterwe van een van ons oud-matrikulante, Zaivier Stone. Ons dra sy ouers en gesin op aan ons Hemelse Vader.

2. Rugby: Noord-Vaal Kompetisie: Pretoria Stadsbeker finales, 23 Julie 2022,

	PN	JV	PN	Won	PN	MC	PN		PN	MCn
	0/14A	0/14A	0/15A	0/15A	0/16A	0/16A	2de	2de	1ste	1ste
Rugby	7	5	13	12	17	10			17	26
Uitslae tot dusver										
Gewen	5		5		6		2		4	
Verloor	1		3		1		3		4	
Gelyk	2		0		1		1		0	
Blou Bulle posisie	1		3		3				2	

JV = John Vorster / MC = Midstream College / Won = Wonderboom

- Al ons spanne verteenwoordig eerskomende Saterdag die Blou Bulle in die inter-provinsiale Noord-Vaal beker.
- Die wedstryde sal plaasvind eerskomende Saterdag, 30 Julie by PNHS:

0/14	Frikkie Meyer	Limpopo 3
0/15	Brandwag	Valke 1
0/16	Hans Moore	Valke 1
1ste	Oosterlig	Valke 2

- Ons moedig ons leerders aan om eerskomende Saterdag hulle spanne te kom ondersteun in hul skooldrag. Leerlinge in skooldrag betaal nie hekgelde nie.

3. Sagtebal: "All Day Rally", 23 Julie 2022, PNHS

Dogters	0/14 A	0/14 A	0/15 A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	0/19 A	0/19 A
Skool	PN	OM	PN	Cen	PN	Cen	PN	OM
Uitslag	9	3	1	10	9	4	2	5
Uitslae tot dusver								
Gewen	1		0		1		0	
Gelykop	0		0		0		0	
Verloor	0		1		0		1	

OM = Oos Moot / Cen = Centurion

Dogters	0/14 A	0/14 A	0/15 A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	0/19 A	0/19 A
Skool	PN	Ak	PN	OM	PN	OM	PN	Cen
Uitslag	15	0	0	13	7	4	4	7
Uitslae tot dusver								
Gewen	2		0		2		0	
Gelykop	0		0		0		0	
Verloor	0		2		0		2	

Ak = Akasia / OM = Oos Moot / Cen = Centurion

Seuns	0/14 A	0/14 A	0/15A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	2de	2de	1ste	1ste
Skool	PN		PN	Ak	PN		PN	Ak 1	PN	GM
Uitslag			11	0			6	5	11	0
Uitslae tot dusver										
Gewen	0		1		0		1		1	
Gelykop	0		0		0		0		0	
Verloor	0				0		0		0	

Ak = Akasia / GM = Gerrit Maritz

Seuns	0/14 A	0/14 A	0/15A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	2de	2de	1ste	1ste
Skool	PN		PN	HS	PN		PN	GM 1	PN	HS
Uitslag			2	7			6	3	3	4
Uitslae tot dusver										
Gewen	0		1		0		2		1	
Gelykop	0		0		0		0		0	
Verloor	0		1		0		0		1	

4. Krieket: Brits Wintertoernooi, 13 - 15 Junie

13 Junie: T20 v/s Die Anker. Die Anker kolf eerste en behaal 123 / 7 in hul 20 beurte. Goeie boulwerk van Wian Rynners met 3 paaltjies vir 24 lopies in 4 beurte (brons balkie). PNHS volg op met 112 / 4 in 20 beurte. Goeie kolfwerk van Ulrich Breytenbach met 33 lopies van 44 balle (brons balkie). Die Anker wen met 11 lopies.

14 Junie: Een-dag-wedstryd v/s Brits. Brits kolf eerste en behaal 287 / 6 in hul 50 beurte. Goeie boulwerk van JJ du Raan met 3 paaltjies vir 35 lopies in 8 beurte (brons balkie) en Jean Swart met 3 paaltjies vir 53 lopies in 10 beurte (brons balkie). PNHS volg op met 135 / 10 in 30 beurte. Goeie kolfwerk van Ulrich Breytenbach met 55 lopies van 71 balle (silwer balkie) en Dean du Toit met 28 van 54 balle. Brits wen met 152 lopies.

15 Junie: Een-dag-wedstryd v/s Die Anker. PNHS kolf eerste en behaal 106 / 10 in 33 beurte. Goeie kolfwerk van JJ du Raan met 23 lopies nie uit nie van 43 balle. Die Anker volg op met 107 / 8 in 28 beurte. Die Anker wen met 8 paaltjies.

5. Inentings

Ons het kennis gekry dat die leerders wat aangedui het dat hulle van die skole-inentingsveldtog wil gebruik maak, op 26 Julie 2022 vanaf 09H00 by die skool ingeent sal word. Slegs leerders wie se ouers skriftelik toestemming gegee het, sal van die geleentheid gebruik mag maak.

6. Leerder Ondersteuning: Noorderlig

Baie dankie aan al ons PNHS ouers wat deurlopend skenkings maak. Sonder julle kan ons nie ons omgee-leerders ondersteun nie. Ons benodig asseblief enige nie-bederfbare produkte. Dit kan in ons 'drop off'-trollie geplaas word, wat by ons skool se eie Maroelaboom staan.

7. Graad 8 inskrywings 2023

Neem asseblief kennis dat die Gauteng Departement van Onderwys aangekondig het dat die aanlyn aansoek proses vanaf **22 Julie 2022 – 19 Augustus 2022** is. Daar sal slegs 1 fase wees.

Sedert 2017 word slegs aanlynaansoeke aanvaar. U kan vanaf **22 Julie 2022 om 08:00** aansoek doen by www.gdeadmissions.gov.za en u sal 'n waglys- / verwysingsnommer ontvang, bewaar dit asseblief. Om u aansoek te verifieer het u 7 dae, nádat aanlyn aansoek gedoen is, om die volgende dokumentasie by die skool in te dien, of u kan dit tydens die aanlyn aansoek elektronies aanheg:

- GESERTIFISEERDE geboortesertifikaat van leerder
- GESERTIFISEERDE bewys van u fisiese woonadres (SLEGS water en elektrisiteit rekening of huurkontrak. GEEN selfoonrekening of klere rekening word aanvaar nie)
- GESERTIFISEERDE laerskoolrapport (nuutste) van u kind
- GESERTIFISEERDE afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente

Neem asseblief kennis dat die volgende voorkeur orde gebruik word deur die Departement van Onderwys vir plasing:

1ste voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf fisiese woonadres (naaste na verste)

2de voorkeur: Broer of suster tans in H/S Pretoria-Noord

3de voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf ouer se werksadres

4de voorkeur: Skool is binne 'n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres

5de voorkeur: Skool is buite 'n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres

Ons administratiewe dames is elke dag tydens skoolure 07H00 – 14H00 beskikbaar om u behulpsaam te wees. Om werkende ouers te akkommodeer sal ons administratiewe dames vanaf Maandag, 25 Julie 2022 tot Woensdag 27 Julie 2022 tot 19:00 by die skool se ontvangs wees om enige navrae te hanteer. Enige navrae kan ook gerig word by 012 546 6950 of by pahoof@pnhs.co.za.

Baie sterkte met die inskrywingsproses.


8. Program vir die week

- Maandag, 25 Julie: * **Graad 8 – 12, dag 5**
* **Leef vir Christus week:**
* **Leerders: Ricardo Gressel “Warrior Ric”**
* **Personeel: Antoinette Steyn**
* PN-Raad verkiesing: Nominasies.
* Detensie, 14H15 – 16H15.
* Graad 12, sleutel 2 akademiese uur, 14H15 – 15H15.
* Rugby Akademie vergadering, 17H00, Konferensiekamer.
* Akademie vir leerder Ondersteuning / Noorderlig vergadering, 18H00, restarant.
- Dinsdag, 26 Julie: * **Graad 8 – 12, dag 6.**
* **Leef vir Christus week:**
* **Leerders: Antoinette Steyn**
* **Personeel: LeRoux du Toit**
* PN-Raad verkiesing: Nominasies.
* Inentings, 09H00, Konferensiekamer.
* Graad 12, sleutel 3 akademiese uur, 14H15 – 15H15.
- Woensdag, 27 Julie: * **Graad 8 – 12, dag 1.**
* **Leef vir Christus week:**
* **Leerders: LeRoux du Toit**
* **Personeel: Higgs Venter**
* PN-Raad verkiesing: nominasies sluit 14H00.
* Interne Vasvra, 14H15 – 15H15, K 18 – K 24.
* Graad 12, sleutel 4 akademiese uur, 14H15 – 15H15.
* Landloop: Liga 1, 14H30, Prestige College.
* Finansiële Komitee vergadering, 17H15, Konferensiekamer.
* Uitvoerende Komitee vergadering, 19H00, Konferensiekamer.
- Donderdag, 28 Julie: * **Graad 8 – 12, dag 2.**
* **Leef vir Christus week:**
* **Leerders: Pickard Henn**
* **Personeel: Hein Knoetze**
* Graad 12, sleutel 5 akademiese uur, 14H15 – 15H15.
* Beheerliggaam vergadering, 17H30, restaurant.
- Vrydag, 29 Julie: * **Graad 8 – 12, dag 3.**
* **Leef vir Christus week:**
* **“Be That Guy / Girl” Breakfast, 06H00 – 07H00, Gymnasium.**
* **Leerders: Jo Black**
* **Personeel: Johan Smit**
* **“Worship” 18H00 – 20H00, Maroelaboom.**
* PN-Raad verkiesing: vetovergadering.
* **Rapporte graad 8 - 12.**
* Sagtebal Liga 1: Seuns 0/15 en 0/19 v/s Sonitus, 14H30, tuis.
Dogters 0/14 – 0/16 v/s Sonitus, 14H30, tuis.

Saterdag, 30 Julie: * Rugby: Noord-Vaal Kompetisie rondte 1, 09H00, PNHS.
* Koor optrede, 18H30, H/S Wonderboom.

Maandag, 1 Augustus: * **Graad 8 – 12, dag 4**
* PN-Raad verkiesing: Kandidatelys bekend aan skool.
* PN-Raad verkiesing: Appéle na BL voorsitter.
* Detensie, 14H15 – 16H15.
* **Oueraand, 18H00 – 20H00, saal.**

Vriendelike groete




CJC Driescher
Hoof

WEN JOU
WETENSKAP

FISESE WETENSKAP

TEORIE

GR 12



Fisiese Wetenskap graad 11-12

Pakket sluit in:

- ✓ Teorieboek
- ✓ Opsommings
- ✓ Flitskaarte
- ✓ Vraestelle

Posgeld en
verpakking
UITGESLUIT

Prys

R250

/ pakket

Kontak: H. Verwey - 084 510 3373

Wiskunde Graad 10-12

- Pakket sluit in:
 - Teorieboek
 - Vraestelboek (eksamenhulp)

WISKUNDE

TEORIE



GR 12

Gering op die
eindeksamen

R200/ pakket
POSGELD EN
VERPAKKING
UITGESLUIT

Kontak: H. Verwey

084 510 3373



GET R20 000 CASH BACK!

Only Available at Mahindra Pretoria North
Selected Models Only | T's & C's Apply



When you Buy a
S6 DC 4x4 Karoo
Manual | Auto

Go ahead & Give
your Wallet a Break.

CALL NOW

012 546 2908

Mahindra
Rise.

On the corner of Rachel De Beer & General Beyers Road, Pretoria North

GET R5 000 CASH BACK!

Only Available at Mahindra Pretoria North
Selected Models Only | T's & C's Apply



When you Buy a
KUV100 K2
#Dare

Go ahead & Give
your Wallet a Break.

CALL NOW

012 546 2908

Mahindra
Rise.

On the corner of Rachel De Beer & General Beyers Road, Pretoria North

R20 000 CASH BACK

Only Available at Mahindra Pretoria North
Selected Models Only | T's & C's Apply



S11 SUV 4x2

Go ahead & Give
your Wallet a Break.

CALL NOW

Mahindra
Rise.